MYPLAAS TYDSKRIF

Volume 2
April 2023

# REGAINER: NGUNI TELING SOOS DIT MOET WEES!



WAT JY MOET WEET OOR DEKLAAGGEWASSE - DEEL 1

VOEDING IN DIE VEEBEDRYF

ALLES OOR DIE SAVM SKOU

DIS VUUR, DIS VLAM, DIS TROTS - DIS DROUGHTMASTER SUID AFRIKA

# Inhoudsopgawe


3 Voorwoord

5 Die Belang van Deklaaggewasse
in Herlewingslandbou

11 Die Regainer
Teling soos dit moét wees.

16 ROCMASTER
Die sameloop van jare se teling

21 Groei vinniger, wei slimmer
Die Suffolk-skaap

25 Besmetlike misgeboorte: ‘n Oorsig

30 Die Belang van Voeding in die Veeberdryf

36 Dis vuur, dis vlam, dis trots -
Dis Droughtmaster Suid Afrika

40 Deur Afrika vir Afrika
Die Boran

44 Die Nasionale SA Vleis Merino skou;
54 jaar van sukses!

48 Opkomende Veilings

49 Opkomende Funksies




# Voorwoord

Beste MyPlaas lesers,

Ek wil graag ‘n oomblik neem om my dankbaarheid uit te spreek teenoor die FarmSpace span vir hul onwrikbare toewyding en harde werk. Ons span werk onvermoeid om die nuutste nuus, insigte en ontwikkelings in die landboubedryf aan julle te bring.

Ek wil graag Suzette Badenhorst en Suné Bartman spesifiek noem vir hul waardevolle bydraes tot ons tweede uitgawe. Hul insigte en kundigheid het werklik gehelp om ons inhoud na ‘n hoër vlak te lig en julle ‘n meer omvattende begrip van die onderwerpe te gee.

Verder is ek verheug om aan te kondig dat vanaf hierdie maand (April), al ons artikels en tydskrifte beskikbaar sal wees op die FarmSpace App, wat beskikbaar is op beide Android en IOS toestelle. Dit beteken dat julle ons inhoud maklik op die gaan kan raadpleeg, vanaf die gerief van jou slimfoon of tablet.

Ons is toegewyd om ons inhoud meer toeganklik en gebruikersvriendelik te maak, en ons glo dat die FarmSpace App ‘n waardevolle hulpmiddel vir ons lesers sal wees. Baie dankie vir julle voortgesette ondersteuning, en ons sien uit daarna om julle in die komende maande meer insiggewende en betrokke inhoud te bring.

Ons praat Boer!

*Tinus Havinga*

**Direkteur van FarmSpace**

FS FARMSPACE

Fotografie | Videografie | Ontwerpe
Onderhoude | Sosiale Media Bemarking

*Kwaliteit veilings, kwaliteit bemarking vir 'n blink toekoms!*



Kliek hier!

**Kontak ons nou!**

Tinus Havinga
071 600 1596
tinus@farmspace.co.za

Angeliqa Vorster
078 381 5298
angeliqa@farmspace.co.za

www.farmspace.co.za

# Die Belang van Deklaaggewasse in Herlewingslandbou

Die inkorporasie van deklaaggewasse in gewas-praktyke is 'n noodsaaklike deel van volhoubare landbouproduksie en bewaringsboerdery.

Indien reg toegepas, het dié praktyk het die vermoë om by te dra tot verbeterde grondgesondheid, verhoogde grondkwaliteit, bevorderde biodiversiteit en vergemaklikte bestuur van onkruide, plae en gewassiektes.

**Artikel deur: Stiaan Heyns**
**Redakteur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**



Om deklaaggewasse gevestig te kry op plase waar dit nog nie gebruik word nie blyk soms egter 'n moeilike taak te wees, wat 'n verandering in beide tradisionele maniere van dink en tradisionele gewaspraktyke behels. Die sleutel tot sukses lê in die verstaan van hoe die natuur werk en wat die basiese reëls van grondgesondheid en –kwaliteit is. Indien 'n boer deklaaggewasse kies wat aan sy behoeftes voorsien en bydra tot die verwesenliking van sy unieke doelwitte, het hy die potensiaal om 'n boerdery-stelsel te skep wat nie net sy eie grond sal baat nie, maar ook naburige, natuurlike ekosisteme kan beskerm; 'n wen-wen vir die boerdery en die omgewing. Boerdery oor die algemeen is nie sonder sy uitdagings nie; gewasboere veral is baiemaal oorgelaat aan die natuurlike elemente buite hul beheer wat 'n enorme effek op die uitkoms van hul sukses het. Die verlies van bogrond as gevolg van konvensionele, kommersiële-boerderypraktyke is 'n groot bekommernis wêreldwyd.

Grond is noodsaaklik vir voedselproduksie, maar dit verdwyn uit landbougebiede vinniger as wat dit aangevul kan word. Die toenemende droeë toestande en omvergewerpte weerspatrone bied verdere uitdagings soos verlengde droogtes, probleme met grondvog vlakke en 'n verhoogde risiko vir gronderosie.

Gewassiektes en die voorkoms van gewaspeste is ook natuurlike elemente wat vernietigende gevolge kan hê, en baiemaal besonders duur is om op konvensionele maniere te probeer beheer. Bykomend tot al hierdie uitdagins het baie van die jare-lange tradisionele gewaspraktyke baie nadelige effekte op die grond gehad. Monokultuur praktyke verminder drasties die biodiversiteit van grondmikrobes, wat krities is vir grondgesondheid en daarom ook volhoubare gewasproduksie.

Wanneer grond versteur word - soos deur ploegwerk - kan dit baie skade aan die belangrike strukture en mikrobes in die grond veroorsaak. Hierdie mikrobes is noodsaaklik vir die handhawing van goeie, gesonde grond omdat hulle help om organiese materiaal af te breek en voedingstowwe te sirkuleer. Grondversteuring-verdigting verminder ook die grond se vermoë om water te absorbeer en verlaag grondstabiliteit.

Verder is die insetkostes vir gewasproduksie hoër as ooit tevore, en die ekonomiese druk op boere van so aard dat alle alternatiewe opsies wat kan bydrae tot optimale produksie, oorweeg moet word. Dit is noodsaaklik om veranderinge aan ons huidige boerderymetodes te maak, en volhoubare gewasproduksie vir die toekoms te verseker.

Regeneratiewe landbou, wat deklaaggewasse en bewaringsboerdery insluit, word wêreldwyd as 'n populêre en voorgekeurde oplossing vir hierdie probleme aanskou. Regeneratiewe landbou behels 'n paar basiese beginsels, waarvan almal bereik kan word deur die inkorporasie van deklaaggewasse in jou boerderypraktyke.

Die eerste van hierdie basiese beginsels is die Verbetering van Grondgesondheid. Gesonde grond is noodsaaklik vir suksesvolle gewasverbouing en om te verseker dat toekomstige geslagte volhoubaar kan voortboer. Grondgesondheidstoetse wat die beskikbaarheid van voedingstowwe en microbe-aktiwiteit van die grond meet is algemeen beskikbaar, en kan help om insetkoste (bv. bemesting, onkruiddoder, insekdoder) te verminder en meer omgewingsvriendelike te wees, indien reg gedoen word.

Die korrekte verhoudings van grondstowwe en grondmikrobes kan lei tot betekenisvolle verbeterings in grondgesondheid, wat beter resultate en voordele vir die produsent tot gevolg het. Die volgende beginsel van regeneratiewe landbou is Bewaring van Grondvog. Een van



die grootste struikelblokke wanneer jy deklaaggewase gebruik, is om die regte hoeveelheid grondvog te handhaaf, dit terwyl grondvogvlakke steeds bewaar word vir die volgende gewas. Koolstof is een van die voedingstowwe wat noodsaaklik vir grondwateropberging, met 'n hoë infiltrasie, minder afloop en 'n hoë waterhouvermoë (WHV) wat die sleutel is.

Dit gaan nie oor hoeveel reën jy kry nie, maar hoeveel jy kan gebruik. Die bou van gesonde grond met 'n hoër koolstofinhoud kan die waterhoudsvermoë daarvan aansienlik verhoog. Hierdie proses neem egter tyd in beslag en daar is geen oornag oplossing nie. Deur deklaaggewasse te implementeer, kan boere 'n positiewe stap neem om hul lande te verbeter en grondvog uitdagings te oorkom.

Bykomend tot dit is die Groei van Plantwortels ook 'n kritiese beginsel van regeneratiewe landbou. Soos voorheen genoem speel dit 'n belangrike rol in die koolstofsiklus. Deur middel van fotosintese neem hulle vrye koolstof uit die lug op, en stoor dit in hul blare. Hierdie koolstof word dan in suiker omskep en deur die wortels vrygestel in ruil vir noodsaaklike voedingstowwe vanuit die grond. Hierdie suikers is 'n voedselbron vir grondmikrobes, en hierdie uitruilingsproses is daarom 'n wederkerige voordelige verhouding tussen plante en mikrobes. Deur konstante wortelgroei kan plante die grondmikrobes ondersteun en voed, wat lei tot gesonder grond en beter gewasgroei.

Hierop volg Gewasdiversifikasie, 'n belangrike praktyk wat grondgesondheid kan verbeter deur 'n diverse bevolking van grondmikrobes te bevorder.

Verskillende plante lok 'n diverse reeks van mikrobes gebaseer op die verskeidenheid suikers wat hulle afskei. Om ten einde meer tipes mikrobes in die grond te hê, en regdeur die grond, is dit noodsaaklik om verskillende tipes wortels op onderskeie dieptes in die grond te vestig. Dit kan bereik word deur gewasse met verskillende worteltipes te plant, soos tapwortels,

adventiewe wortels of laterale wortels. Hoe groter die plantdiversiteit, hoe meer diverse die mikrobebevolking, en hoe meer robuust die grondstelsel. Dit kan bereik word deur 3-5 deklaaggewasspesies te plant wat mekaar se groeiperiodes en voedingsstofverwerwingstrategieë aanvul.

Dit is belangrik om die voor- en nadele van elke spesie te oorweeg, en boere moet ook die doel van die deklaaggewas vooraf bepaal en dan die nodige aanpasing in hul plant-strategie maak. Deur diversifisering van sy gewasse kan ‘n boer ‘n gesonde grondomgewing skep wat ongewenste mikrobes inhibeer, gewenste mikrobes promoveer, en volhoubare voedselproduksie ondersteun.

Daarna moet on sook kyk na die Minimalisereing van Grondversteuring. Wanneer grond versteur word deur konvensionele bewerkingsmetodes kan dit erge skade aan die grondstruktuur en die mikrobes wat organiese materiaal af breek en voedingstowwe sirkuleer aanbring.

Grondversteurings-verdigting gebeur ook dikwels, wat die grond se vermoë om water te absorbeer belemmer. Dit is waarom minimale grondversteuring aanbeveel word ir regeneratiewe landboupraktyke. Wanneer grond onversteurd gelaat word vind kritiese natuurlike prosesse plaas wat belugting en die grond se vermoë om water te absorber, verhoog.



Onnodige grondversteuring behoort te vermy word om ‘n gesonde balans van mikrobes te handhaaf, en belangrike grondstrukture te bewaar.

Die laaste aspek van belang is die Veekomponent. Die byvoeging van vee tot deklaaggewaspraktyke kan die grondkoolstofproses versnel deur verhoogde afbreek van oppervlakkige en die bevordering van nuwe-wortelgroei onder die oppervlak. Beweiding kan egter ook die plant se vermoë om suikers te produseer verminder, wat daartoe kan lei dat sommige wortels afsterf. Om hierdie faktore te balanseer, is dit belangrik om sinvolle deklaagmengsels te saai wat grondgesondheid prioritiseer en ook hoë-kwaliteit beweiding vir vee bied. Dit kan bereik word deur ‘n goed-nagevorste en doeltreffende kombinasie van grasse, bolplante en peulgewasse te plant.

Vee kan ook gebruik word om onkruid in die deklaag te beheer, maar oorbeweiding moet verhoed word om goeie herstel

en hergroei toe te laat. Die sorgvuldige bestuur van vee kan dus inkomste vir produsente genereer terwyl dit terselfdetyd die grond verbeter en opbou.

Regeneratiewe landbou, en veral deklaagpraktyke het baie voordele. Boere kan deklaaggewasprodukte - soos voer, hooi en saad - verkoop vir addisionele inkomste, en dit dien as voedsel vir mense en voer vir diere soos beeste en pluimvee. As deklaaggewasse groei en ryp word (blom), kan dit ook die bevolkings van voordelige insekte laat toeneem en die voorkoms van siektes in gewasse, veral wortelvrotte en ander swam siektes, verminder.

Dit het ook ‘n reeks voordele vir die verbetering van gronde, alhoewel grondverbetering ‘n langtermynproses is wat nie dadelik merkbaar vir boere mag wees nie. Sigbare resultate is gewoonlik nie duidelik waarneembaar totdat die tweede oes siklus verby is nie.

Wanneer dit kom by die plant van deklaaggewasse, moet boere verskeie faktore oorweeg. Hulle moet deklaaggewasse behandel soos hulle hul kontantgewasse behandel. Dit beteken inagneming van planttyd, patroon, bemesting, onkruiddoders, veebestuur en seleksie van die mees gepaste spesies en variëteite vir hulle unieke omgewing.

Potensiele probleme en uitdagings moet oorweeg word tesame met die onkostes en arbeidsintensiwiteit moet opgeweeg word teen die moontlike voordele en winste. Gespesialiseerde toerusting mag dalk nodig wees vir sommige gewasse, en die grond moet in die regte toestand met die nodige voorbereidings wees om te kan voortgaan.

Dan ook moet die deklaaggewas vernietig word voordat die kontantgewas geplant word. Die regte tydsberekening vir hul spesifieke boerdery-operasie moet gekies word, met inagneming van faktore soos biomassa, stikstofiksasie, grondvog en potensiaal vir vrywillige saadverspreiding of onkruidgroei.

Herlewingslandbou vereis die toepassing van ‘n paar basiese beginsels deur spesifieke praktyke toe te pas. Alhoewel daar sommige industriele oplossings vir swak grondgesondheid bestaan, is dit krities om die langtermyn gevolge en volhoubaarheid van grondbevorderingsmetodes in ag te neem.

Deklaagbewerking is egter ‘n uitstekende manier vir gewasboere om self die stuur te neem in die strewe na gesonder gronde wat volhoubaar kan produseer. Aggressiewe grondbewerking moet geminimaliseer word, en die grond moet bedek bly met lewende wortels vir ‘n robuuste grondsisteem.

Diversivisering van plantspesies sal toegepas moet word en die beplanning en bestuur van gewasse gaan intensifiseer, konvensionele metodes gaan agtergelaat moet word en denke hernuwe moet word, maar uiteindelik sal boere sit met ‘n uitstekende metode van gewasproduksie wat volhoubaar, winsgewend en omgewingsvriendelik is.

# MEERKAT

ONLINE AUCTIONS

Internasionaal Beskikbaar

SA Rekord Verkope

25 000+ Gebruikers

## Sit dit op Meerkat

**Kry meer kopers by jou veiling!**

# Kry MEERKAT




www.meerkatonline.co.za

Laai ons toep hier af

(+27) 18 175 0265

# Die Regainer Teling soos dit moét wees.



**Artikel deur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**

Drie en 'n half jaar gelede sit 'n baie mismoedige Lochner Eksteen langs 'n knetterende vuurtjie en spekuleer oor die toekoms van die Nguni bedryf. Met 'n peinsende uitdrukking op sy gesig dink hy aan die bloed en sweet en moeite wat hy ingesit het, en wonder...was dit alles tevergeefs? Sal die vrugte van sy harde werk ooit gesien word in die bedryf wat klaarblyklik niks het om terug te gee nie? Diskriminasie teen Nguni speenkalwers was op daardie stadium groter as ooit, die hoeveelheid stoettelers het byna daagliks afgeneem en die wat oor was het byna alle

vertroue in die Nguni bedryf verloor; die negatiwiteit onder telers was onmiskenbaar. Boonop was die rooivleis bedryf as 'n geheel in dié tyd op 'n baie slegte plek. Met 'n moedeloosheid wat bly dreig om die oorhand te neem het Lochner daardie aand besef dat hy 'n keuse het: hy kan of deel uitmaak van die statestiek en kla oor alles wat fout is en die bedryf en wat die bedryf nié bied nie, of hy kan iets daaraan doen.

Sonder om tyd te verspeel het Lochner besluit om deel van die opslossing te wees en nie die problem nie; die vraag nou was egter, hoe? Hoe gaan mens te werk om 'n hele industrie en die indrukke van daardie insustrie handomkeer te verander? Wat kan mens doen wat 'n groot genoeg impak sal hê om so 'n verandering te bewerkstellig? Soos met elke ander aspek in sy lewe, het Lochner die saak genader met gebed. Hy het vroeg in sy lewe al agtergekom dat hy niks uit sy eie krag en genade kan doen nie, en daarom eerstens op sy knieë gegaan.

Daarna het hy sy mentor en grootste inspirasie genader vir raad; sy pa. Saam kon hulle toe koppe bymekaar sit om die uitdaging aan te pak. Laastens is Nick Serfontein - een van Lochner se grootste rolmodelle – geraadpleeg en hy kon sy insette oor die saak lewer. Na vele gebede en menige gesprekke het die oplossing vir die Nguni industrie ontstaan as die Regainer Telersgroep, met die doel om 'n positiewe bydrae tot die ras te hê.

Die woord Regainer is baie strategies gekies om te verwys na die herstel van die Nguni status en gewildheid van vroeërjare; hulle wou as 't ware die Nguni sy regmatige plek tusen ander beesrasse teruggee. Die Regainer groep is 'n sub-afdeling van die Nguni ras; diere wat Regainer goedgekeur is handhaaf 'n sekere gehalte en kwaliteit wat hulle heeltemal onderskei van ander diere in die ras.

Dié beweging het eendersdenkende boere wat moeite ingesit het, goeie diere geteel het en hoopvol was oor die industrie se toekoms soos 'n magneet getrek, en vining vining het die Regainer Telersgroep gegroei. Die lede van die groep was almal individue wat bereid was om die ekstra myl te gaan met toetsings, seleksie en rekordhouding. Die ideaal waarna



gestreef is, is dat die top 5% van diere wat op 'n gewone veiling verskyn, die totaliteit van diere uitmaak wat op die Regainer veiling verskyn. Slegs die beste van die beste diere van elke lid van die groep is aanvaar en opgeveil. Vir elke manlike dier wat ingeskryf word, moet 'n sekere hoeveelheid vroulike diere ingeskryf word en die diere moet deur die genootskap sowel as eksterne inspekteurs goedgekeur word. Dit verseker dat elke dier wat te koop is die potensiaal het om waarde toe te voeg tot die Nguni ras as geheel, en gee vir die dier "Regainer Approved" status.

Die metode van veiling aanbieding is ook die eerste van sy soort in die bees industrie; telers vanaf vyf provinsies bied hulle diere aan op 'n "Bees Studio Auction", 'n aanlyn veiling wat behartig word deur Farmspace, Veilingshuis SHM en met Meerkat as die aanlyn platvorm. Belangstellende kopers kan dan van reg oor die land en wêreld, vanuit die gemak van hul eie huise, die beeste en afslaers op 'n lewendige video aanskou, en hul bod insit met die druk van 'n knoppie.

Buiten die vereenvoudigde logistiek wat 'n aanlyn veiling vir kopers bied, bereik dit ook een van die Regainer Groep se belangrikste mikpunte: om stress op die diere te minimaliseer deur vervoer te beperk, en sodoende ook biosekuriteit van plaas na plaas te maksimaliseer. Biosekuriteit is vir die groep van kardinale belang, en word deur 'n top veearts behartig wat 'n permanente deel van die span is.

Vervoer en roetes word ook streng beplan; Beeste bly op die plaas tot ná die veiling, waarna die diere via die N1 vervoer word tot by 'n afleweringspunt, of direk op die koper se plaas afgelewer word. Vervoerkostes word deur die verkopers gesubsidieer en van so aard beplan dat dit vir beide die koper en verkoper so maklik moontlik is. As deel van die biosekuriteis protokol, moet alle diere vir 'n sekere tydperk voor die veiling gekwarantyn word en die nodige toetse uitgevoer word om seker te maak dat die kuddes skoon en gesertiviseerd is.

Die kwaliteit van die diere op die Regainer veiling is van so aard dat enige koper totale gemoedsrus kan hê in sy aankoop, en met 'n sekerheid weet dat die dier waarin hy belê waarde sal toevoeg tot sy kudde. Al die diere is deur drie seleksie prosedures geplaas vir goedkeuring, waarvan twee deur die Nguni telersgenootskap geskied. Kopers sou 'n blindelingse aankoop kon doen, en totale versekering hê van 'n goeie en kwaliteit dier.

Die Regainer groep het aansienlik gegroei oor die laaste tyd en baie nuwe lede gekry, want "boeta, almal wil mos deel word van n wenspan" – dit is die woorde van Johan van der Nest, 'n welbekende afslaer in die bees industrie wat nou nie die geleendheid sal mis om in afslaer hoedanigheid op dié veiling op te tree nie. Dit was egter nie altyd die geval nie; kort na Lochner met FarmSpace hande gevat het om die bemarking na die 2de, 3rde en 4de vlak op te skuif is daar besluit om Johan van der Nest te kontak.

Dié wou aanvanklik niks weet van afslaer speel by 'n Nguni veiling nie en was kwansuis baie besig op die einste dag waarop die veiling gehou sou word. Na 'n baie moeitevolle oortuiging, 'n klein biejtie brandewyn en 'n aanskuiwing van die veiling met een dag om sy schedule te pas, het Johan ingegee en toegestem. Nodeloos om te sê gaan daar nou nie 'n enkele veiling verby waar Johan nie betrokke is nie; die aansteeklike energie en die resep vir sukses het hom, en talle ander, oorgehaal na die ander kant toe.

**“Hierdie is ‘n elite veiling, daar is werklik geen gelyke op die stadium nie”**

**– Lochner Eksteen.**

Natuurlik stop die Regainer Telersgroep nie net by die suksesse wat hulle reeds behaal het nie; die toekomsvooruitsig vir die Regainer Telersgroep is om ‘n handelsmerk te word. Die term “Regainer Approved” gaan reeds van hierdie jaar af sigbaar wees op die katalogus. Die groep sal voortaan ook baklei om ‘n beter mark vir die “Regainer Approved” diere te vind en maak ‘n punt daarvan om geleenthede vir nuwe, jong telers te bied wat bereid is om binne die riglyne te teel.

Hierdie geleenthede sluit, onder andere, in:

1. Uitstekende bemarking en afsetgebied vir hul diere.
2. Besonderse goeie ekonomiese potensiaal vanuit hul topdiere.
3. Mentorskap en leiding van mede-telers en mense met ervaring in die bedryf.
4. ‘n Familie en gemeenskap van mede-telers wat wonderlike samehorigheid bied.



Verder mik die groep ook om kalwers as ‘n groep te bemark onder die Regainer-handelsmerk; dit beteken speenkallers sal ‘n groep verkoop kan word aan voerkrale, met toetsings en uitslae wat ‘n basis vir beter pryse bied. Die telers oorweeg ook die opsie om saam as ‘n groep ‘n Nguni voerkraal te skep, of om met ‘n pasgemaakte dieet, spesifiek geformuleer vir die Nguni se lae energiebehoeftes, na bestaande voerkrale te gaan om beter pryse vir hul speenkallers te kry.

Die laer daaglikse groei van die Nguni-ras word heeltemal teengewerk deur die laer kostes van hul dieet, wat gevolglik tot hoër pryse per kop lei. Die Regainer groep sal altyd veg om meer telers te betrek en “Regainer Approved” diere te koop. Deur dit te doen, help hulle telers om uitsonderlike diere te teel en die vrugte van sulke telings te pluk. Soos ‘n familie werk die telersgroep saam deur uitdagings en probleme en verseker sodoende ‘n beter toekoms vir almal.




King Price INSURANCE

# Ons diens is die be(e)ste

Vir ’n verpligting-vrye kwotasie, kontak jou makelaar of stuur ’n e-pos aan **agri@kingprice.co.za**

**kingprice.co.za**

Gelisensieerde versekeraar | FDV nr. 43862 | B’s & V’s geld

# ROCMASTER; Die sameloop van jare se teling

*“Rocmaster is nie ‘n ras nie; ek voorsien aan my kopers ‘n spesifieke dier wat beide hul kudde en hul omgewing sal komplimenteer om sodoende maksimum vleisproduksie te bereik.”*

**Persverklaring deur: Mornay Verster van Le Roc Brangus, Brahman en Droughtmaster**

**Redakteur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**



Vyf-en-twintig jaar se teling, tiental vlugte na beestelers van reg oor die wêreld, menige besoeke aan Suid-Afrikaanse telers en 'n onblusbare passie vir teling is wat die deurslag gegee het vir my om 'n jare-lange doelwit eindelaas te bereik. Hierdie doelwit was nie net om die ideale bees aan telers voor te stel nie, maar ook om die kriteria waaraan so 'n dier moet voldoen, vas te stel en oor te dra.

Die ideale bees moet uitstekende vermoëns hê in alle velde wat vir jou as beesboer van ekonomiese belang is; vrugbaarheid, aanpasbaarheid, groei vermoëns, kalwingsgemak en funksionaliteit.

Deur die klem op hierdie reeks eienskappe te plaas kan jy verseker dat goeie groei omskep word in wins vir jou, en die kliënte wat diere by jou aankoop.

25 Jaar gelede het ek my heel eerste Brangus bul gekoop, en die enorme verskil wat hy in my kudde gemaak het was met van meet af baie duidelik. In die eerste generasie het hy reeds baie prominent sy stempel afgedruk, en ten spyte van die gemenge-ras koeikudde was die eenvormigheid van die kalwers wat die Brangus bul geproduseer het, merkwaardig. Hierdie eenvormigheid en die besonderse goeie groei van die kalwers het my oortuig dat ek op die regte spoor is om die ideale bees te skep.

Ek het kort daarna 25 Brangus-tipe koeie geselekteer en by my Brangus bul gesit, voortdurend ook besig om top gehalte bulle aan te koop om aan my teeldoelwitte by te dra. In die eerste paar jaar het ek gestreef om my fenotipe te verbeter, met mooi poenskop diere met tipiese Brangus koppe, breë bekke en goeie hakke, my hoof kriteria. Nuwe bulle is gereeld ingebring om dit te bereik, en soos die fenotipe al hoe meer verbeter het kon ek my fokus na 'n nuwe teeldoelwit verskuif - goeie groei vir 200 en 400 dag ouderdomme.

Op hierdie stadium was my hoof mark die voerkraal industrie, wat beteken hoe swaarder die kalf, hoe meer die wins. Die keuse om te fokus op die verbetering van my kalwers se 200 en 400 dag massas se resultate was ook baie duidelik weerspieël in die genetiese tendense van my kudde, soos ontvang vanaf breedplan.

Bykomend tot dit het die seleksiedruk wat toegepas is oor die afgelope 25 jaar gelei tot vandag se kudde van meer as 1000 geregistreerde koeie wat 'n gemiddelde kalfinterval van onder 400 dae handhaaf, al vir die laaste paar jaar.

Met hierdie maalpyl bereik kon ek aanbeweeg na 'n nuwe teeldoelwit; om diere te produseer met meer vel en verhoogde aanpasbaarheid, spesifiek vir ons kommersiële telers wat grotendeels ekstensief boer. Deur my eie ondervinding het ek agter gekom dat die diere met meer vel beter produseer, met beter kapasiteit en groeivermoëns. Om hierdie teeldoelwit te bereik het ons 3 jaar gelede begin met 'n poena Brahman kudde.

Omdat die algehele doelwit meer lang-termyn is, het ons 'n aparte stoet laat registreer vir hierdie Brahmane, wat genoem is "Le Roc Poena Brahmane" – hierdie stoet bestaan reeds uit ongeveer 150 stuks vee waarvan die meeste reeds die poena geen dra. Ons is besig om die wit- en die rooilyne vas te teel, en gebruik tans die Brahmane op 'n klein persentasie van ons Brangus kudde om die bogenoemde doelwit te verwesenlik.

My strewe na die ideale vleisbees het met baie ure se navorsing, lees en luister gepaard gegaan. Ek wou, gegewe die kudde wat ek reeds opgebou en saamgestel het, weet of daar nog iets is wat ek kon doen om hulle nog meer doeltreffend en winsgewend te maak.

Dit het my teruggeneem na 'n lesing wat prof Frikkie Neser 'n paar jaar vantevore aangebied het: "....later gaan geen spesifieke ras meer bestaan nie, daar sal net 'n rooi ras wees."

Woorde wat op daardie stadium redelik skepties ontvang is, maar waarmee ek

vandag heelhartig kan saamstem. Die rasse is al so na aan identies dat selfs ‘n gesoute teler hulle nie van mekaar sal uitken as ‘n klomp van die rasse deurmekaar gejaag word nie. Die “fancy points” in elke ras wat ‘n bees se stoetgradering kan verander kan inderwaarheid baie maal net die oorsaak wees dat top genetika verlore gaan al het dit niks met ‘n dier se produksie vermoëens tedoen nie, en die enigste “fancy points” waarin ek belang stel is die wat vir my meer vleis gaan teel.

Dit is hierdie denkwyse wat my eindelik by die Droughtmaster gebring het, die beesras wat die sirkel sal voltooi en die ideale vleisbees ‘n realiteit sou maak. Ek het saad van ‘n top beproefde Drougtmaster bul bekom wat reeds ‘n nageslag van oor die 450 diere gehad het, en my beste Brangus koei met ‘geseksde’ embrios gespoel. Vanuit hierdie spoeling is 8 pragtige versies en 1 bulletjie gebore.

Hierdie kalfies het my stoutste verwagtinge met rasse skrede oortref, en gevolglik het ons die “ROCMASTER Droughtmasters” stoet geregistreer. Ons Droughtmaster stoet staan heeltemal op sy eie, en ons koop op ‘n gereelde basis selektief diere aan wat aan ons teel doelwitte voldoen. Soos met die Brahmane gebruik ons spesifieke Droughtmasters op ‘n persentasie van ons Brangus kudde in die strewe om die ideale vleisbees te teel.



Die kalwers wat tot dusver geval het maak ons bitter opgewonde, en vir die volgende teelseisoene gaan baie spesifieke parings waar ons van al drie ons basis rasse gebruik plaasvind. Ons gebruik ook 'n intesiewe embrio program om vinniger ons doelwit te verwesenlik. Ons mikpunt is om die kombinasie van hierdie drie rasse se gene optimaal te gebruik om sodoende puik ROCMASTER beeste te kan teel: 'n hoogs vrugbare, besonders geharde, lae-onderhoud bees-tipe met goeie loopvermoëns en uitstekende groei-vermoë.

Ons teeldoelwitte word steeds streng nagevolg, en geen bees word beskou as 'n Rocmaster bees net omdat hul fenotipies aan die kriteria voldoen nie. As hul fenotipies korrek is, moet hul nog steeds 'n kalfinterval onder 400 dae handhaaf en die koei moet meer as 40% van haar eie liggaamsmassa speen. Sentiment het nie plek as dit by winsgewendheid kom nie, as hul nie aan die kriteria voldoen nie, word hulle summier uit die seleksiepoel uitgegooi.

Rocmaster is nie 'n ras nie; ek voorsien aan my kopers 'n spesifieke dier wat beide hul kudde en hul omgewing sal komplimenteer om sodoende maksimum vleisproduksie te bereik. Ek hou twee produksieveilings per jaar, waar ons klem laat val op die verkoop van veldaangepaste diere. Ons bulle word in 'n groot spaarkamp vir ons veiling voorberei, hulle ontvang die laaste 2 maande voor 'n veiling 6-8 kg Bul-C, per dag en die res van die tyd loop en wei hulle. Op die manier hou die rumen aan met werk en kan ons hul aanpassing enige plek in SA waarborg.

Tydens ons veiling is die bulle in goed genoeg kondisie dat kopers kan sien wat die diere kan bied, maar geensins oorvet nie en hul rumen is nog gras gewoond. Ons hele kudde is ook beskikbaar vir die spoel van embrios vanaf koeie of saadtap vanaf enige van ons bulle. Ook in die pyplyn is om ons ouer koeie met koper-gespsifiseerde bulle te laat dek, en dan die dragtige koei te verkoop. Sodoende kan telers wat beproefde genetika wil hê dit bekom sonder om 'n fortuin daarvoor te betaal.

As ek die hele teel-proses moes oor begin, sou ek 'n heel ander benadering gehad het; ek sou vir dieselfde aanvanklike uitgawe eerder met top kwaliteit diere begin het, al sou dit beteken ek moes met minder diere tevrede wees. Dit is 'n baie lang proses om diere genetika beter te teel, maar met die embrios en KI kan jy jy top gehalte diere vinnig vermeerder en is die genetiese sprong enorm!






# Ondersteun hul Dermgesondheid vir optimale produksie

## Virbac stel met trots bekend OptiLumen - 'n voortreflike orale doseermiddel

### Help met verbetering in:

- Dermgesondheid
- Immuniteit
- Groei
- Vrugbaarheid

**OptiLumen** is 'n **hoogs gekonsentreerde, smaaklike** orale doseermiddel

**Bevat:**

01 Twee wetenskaplik-beproefde **derm-gesondheids-bevorderaars**

02 Gepatenteerde, hoogs biobeskikbare en unieke **organiese spoorminerale** spesiaal geformuleer vir vloeistowwe - 'n eerste in Suid-Afrika!

03 Hoogs biobeskikbare **vitamiene en aminosure**

04 Vinning-beskikbare **energie** (OptiLumen Neo)




**Slegs vir dieregebruik**
**OptiLumen Dairy**, Composition per litre, Vitamin A 1 000 000 I.U, Vitamin D3 25 000 I.U, Vitamin E 5 500 I.U, Zinc 6 000 mg, Magnesium 5 000 mg, Manganese 2 000 mg, Copper 1 000 mg, Cobalt 1 000 mg, Chromium 300 mg, Selenium 300 mg, L-Lysine 15 000 mg, DL-Methionine 4 500 mg, Yeast cell wall 8 000 mg, Sodium butyrate 50 000 mg, Moisture ≤ 99 %, Reg. No: V32910 (Act 36/1947).
**OptiLumen Neo**, Composition per litre, Vitamin A 1 000 000 I.U, Vitamin D3 25 000 I.U, Vitamin E 10 000 I.U, Vitamin B2 7 000 mg, Vitamin B6 3 500 mg, Vitamin B3 20 000 mg, Vitamin B1 2 500 mg, Vitamin K 2 000 mg, Vitamin B12 20 mg, Yeast cell wall 8 000 mg, Cobalt 675 mg, Zinc 6 000 mg, Copper 500 mg, Iodine 500 mg, Ascorbic Acid 50 000 mg, Sodium butyrate 50 000 mg, Arginine 4 000 mg, Leucine 4 000 mg, Dextrose 35 000 mg, Glycine 30 000 mg, Methionine 3 000 mg, Isoleucine 2 500 mg, Manganese 2 000 mg, Tryptophan 2 000 mg, Valine 2 000 mg, Selenium 150 mg, Calcium Pantothenate 10 000 mg, Lysine 10 000 mg, Threonine 10 000 mg, Folic Acid 1 000 mg, Cysteine 1 000 mg, Biotin 5 mg, Moisture ≤ 99 %, Reg. No: V32913 (Act 36/1947)
**OptiLumen Sheep and Goats**, Composition per litre, Vitamin A 1 000 000 I.U, Vitamin D3 25 000 I.U, Vitamin E 5 500 I.U, Zinc 6 500 mg, Magnesium 5 000 mg, Manganese 2 000 mg, Cobalt 500 mg, Selenium 300 mg, L-Lysine 15 000 mg, DL-Methionine 3 500 mg, Yeast cell wall 8 000 mg, Sodium butyrate 50 000 mg, Moisture ≤ 99 %, Reg. No: V32912 (Act 36/1947)
**OptiLumen Sheep and Goats + Cu**, Composition per litre, Vitamin A 1 000 000 I.U, Vitamin D3 25 000 I.U, Vitamin E 5 500 I.U, Zinc 6 500 mg, Magnesium 5 000 mg, Manganese 2 000 mg, Copper 1 500 mg, Cobalt 500 mg, Selenium 300 mg, L-Lysine 15 000 mg, DL-Methionine 3 500 mg, Yeast cell wall 8 000 mg, Sodium butyrate 50 000 mg, Moisture ≤ 99 %, Reg. No: V32909 (Act 36/1947)

© 09/2022. Virbac Alle Regte Voorbehou

**Virbac RSA (Pty) Ltd** (Reg. No: 1990/003743/07). 38 Landmarks Avenue, Samrand Business Park, Centurion, 0157. Private Bag X115, Halfway House 1685. T (012) 657-6000 | F (012) 657-6067
**za.virbac.com**

**Shaping** the future of **animal health**

Virbac

# Groei vinniger, wei slimmer

# Die Suffolk-skaap

Hoewel die Suffolk-ras aanvanklik bekend was vir sy produksie van skaapvleis, het dit aangepas om oor die jare aan die veranderende eise van verbruikers te voldoen. Suffolk-skape word nou regoor die wêreld se skaapproduserende lande aangetref, en word herken as die voorste terminale vaar op 'n verskeidenheid ooie om top-gehalte, prima lam te produseer.

**Artikel deur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**


Foto krediet: Twee Seuns Suffolks

Die Suffolk skaapras het ‘n lang geskiedenis wat terugdateer na die laat 1700’s, en is regoor die wêreld bekend is as een van die heel oudste Britse skaaprasse,. Hierdie merkwaardige skaapras is oorspronklik ontwikkel in die Bury St Edmunds-omgewing van Engeland, na ‘n paar slim telers besluit het om Norfolk Horn-ooie met Southdown-ramme te kruis. Dit het gelei tot die ontstaan van ‘n paar skape wat bekend was as “Southdown Norfolks” of “Black faces.”

Alhoewel die presiese geskiedenis van hoe die Suffolk ontstaan het nie bekend is nie, is hierdie diere vir die eerste maal in 1797 opgeteken toe Arthur Young verklaar in sy “Algemene uitkyk van Landbou in die land van Suffolk” dat “Hierdie skape behoort die Suffolk-ras genoem te word; die skaapvleis het voortreflike tekstuur, geur, kwantiteit en ‘n pragtige kleur”. Hierna is die ras dienooreenkomstig herdoop, en staan hulle vandag nog as die Suffolk-skaapras bekend.

Die oudste Suffolk-kuddes is deur E.P. en H. Frost in die streek van Oos-Anglia rondom 1810 gevestig, en ‘n verdere kloopie kuddes is gestig voor die eerste Suffolk-skou in 1859 plaasgevind het. Die eerste klasse wat Suffolk ten toon gestel het is by hierdie skou gehou, en 26 jaar later, in 1886, is die Suffolk Skaaptelersgenootskap uiteindelik gestig. Die eerste kuddeboek is een jaar later gepubliseer, met 46 troppe wat wissel in grootte van tussen 50 en 1 100 ooie. Al 46 troppe was in Oos-Anglia geleë, met 34 in Suffolk self.

**Die Suffolk-ras is aangepas om in feitlik enige klimaatstreek wat ons hier in Suid-Afrika vind, te oorleef en produseer.**

Suffolks is ontwikkel rondom die rotasiestelsel van boerdery in Oos-Anglia, waar diere in die somer op gras of klawer gewei het en dan in die winter swedes, rape of mangel-bete gevoer is. Lammers is gebore in Februarie of Maart, buite in die veld met ‘n hekkieskuiling of in oop kampe. Hierdie stelsel was baie arbeidsintensief, maar dit het lammers van hoë gehalte gelewer en die ras vinnig laat uitbrei.

Die Suffolk-skaapras het vinnig oor die wêreld heen gewild geraak, met Ierland wat in 1891 sy eerste kudde estig het, Skotland vier jaar later, en Wallis in 1901. Skape is ook uitgevoer na lande soos Oostenryk, Frankryk, Duitsland, Switserland, Rusland, Noord-Amerika, Suid-Amerika en die kolonies.

Hoewel die Suffolk-ras aanvanklik bekend was vir sy produksie van skaapvleis, het dit aangepas om oor die jare aan die veranderende eise van verbruikers te voldoen. Suffolk-skape word nou regoor die wêreld se skaapproduserende lande aangetref, en word herken as die voorste terminale vaar op ‘n verskeidenheid ooie om top-gehalte, prima lam te produseer.

Dit is te danke aan die ras se vermoë om vinnig te groei, wat lei tot verlaagde insetkoste of die opsie om hulle na swaarder karkasgewigte te neem indien nodig. Die bekendstelling van Suffolk-genetika aan ‘n kommersiële ooitrop is ‘n uitstekende teenwerking vir die algemene probleme wat ondervind word met rasse wat sagte en (of) stadiggroeiende lammers produseer, of ooie wat onaanvaarbare vlakke van uier- en voetprobleme het.

Die ras het hoë melkproduksie, harde hoewe en wye bekkenafmetings vir vergemaklikte lam, wat dit ‘n aantreklike opsie vir baie boere maak. Met verloop van tyd het die Suffolk hom in al die groot skaapproduserende lande met meriete en onderskeiding gevestig.

Suffolk-skape is die eerste keer in 1896 deur die Britse majoor genaamd Kitty Apthorp aan Suid-Afrika bekendgestel. Hy het op ‘n plaas in Gricton, Westminister in die Oranje-Vrystaat gewoon en ‘n trop Suffolk-skape na sy plaas ingevoer na afloop van die Anglo Boereoorlog. Tussen 1900 en 1959 het die ras verskeie op- en afdraandes deurgemaak, insluitend die stigting van die vlietige Suffolk Telersgenootskap, wat slegs ‘n kort rukkie na hul stigting in 1928 deur die destydse Stamboekvereniging oorgeneem is.

Die huidige Suffolk Skaaptelersgenootskap in Suid-Afrika is eers in 1959 gestig tydens ‘n openingsvergadering in Bloemfontein. Die genootskap is amptelik in Oktober 1960 gestig, en die sertifikaat van inlywing is deur die SA Stamboekvereniging uitgereik. Mnr. Cliff Carter van Tweespruit is verkies as die eerste President van die nuwe Genootskap. Sedert hul stigting het die genootskap daarna gestreef om suiwerheid van die Suffolk-ras te handhaaf deur Suffolk-teling in Suider-Afrika aan te moedig en te verbeter, deur middel van akkurate rekordhouding.

Die Suffolk-ras is aangepas om in feitlik enige klimaatstreek wat ons hier in Suid-Afrika vind, te oorleef en produseer. In die droër klimate presteer die hoogs vrugbare ramme uitstekend en sonder enige blyk dat die warm somertoestande hul affekteer. In nat toestande floreer die Suffolk selfs meer, met sy harde, swart voete wat dit feitlik immuun maak teen vrotpootjie.

Die werksdrang van die Suffolk-ramme maak ‘n veel groter ram tot ooi-verhouding moontlik, wat die bestuur van hierdie diere baie vergemaklik. Ramme het ‘n lang leeftyd, wat die behoefte aan gereelde ramvervanging verminder en die ooie is geslagsryp tussen 6-8 maande oud – teen ‘n liggaamsgewig van ongeveer 55 kg. Ondanks die feit dat hulle so jonk is, lam ooie relatief maklik aangesien lammers klein koppe en gladde skouers het. Hierdie lae voorkoms van distosie lei tot baie laer toesigvereistes.

Lammers van hierdie ooie is markgereed so vroeg as 9-12 weke in gunstige toestande, wat vleis produseer wat uitstekend gegeur is, ‘n fyn tekstuur het en wat die hoogste verhouding maer vleis tot vet bevat. Die Suffolk-lam is ideaal vir vandag se mark, wat dit die perfekte ras maak vir kruisteling met wolrasse soos Merino’s - wat wol produseer wat bekend is vir duursaamheid, perfek geskik vir tuisspinners, terwyl dit geen Kemp bevat nie.

Van sy nederige begin in Bury St Edmunds, Engeland, en ten spyte van uitdagings en terugslae, het die Suffolk-ras volhard en voortgegaan om die skaapvleisbedryf wêreldwyd te verower. Die aanpasbaarheid en gehardheid van hierdie merkwaardige skaapras het dit ‘n gewilde keuse gemaak vir moderne boere regoor die wêreld, met passievolle telers en genootskappe wat toegewy is aan die behoud van sy unieke eienskappe en die verbetering van sy genetika. Aangesien hierdie ras steeds beïndruk met sy uitsonderlike groeitempo en indrukwekkende aanpasbaarheid, bly die Suffolk-skaap ‘n geliefde ras wat deur baie gekoester word.

**Die Suffolk-lam is ideaal vir vandag se mark, wat dit die perfekte ras maak vir kruisteling met wolrasse soos Merino’s - wat wol produseer wat bekend is vir duursaamheid, perfek geskik vir tuisspinners, terwyl dit geen Kemp bevat nie.**

Saamstaan Voere

KWALITEIT
# VEEVOERE
Sedert 1998



**www.vsagri.co.za**
**admin@saamstaanvoere.co.za**
**Tel: 058 913 2372**

Trots deel van die VS Agri Groep

VS AGRI
*Ons is die verskil*

## BESKIKBAAR
**VOER**
**SOMERLEK**
**WINTERLEK**
**PRODUKSIELEK**

# Besmetlike misgeboorte: 'n Oorsig

**Besmetlike Misgeboorte (BM) is 'n reproduksiesiekte wat deur 'n intrasellulêre bakterieë, genaamd Brucella abortus bovis, veroorsaak word.**

**Artikel deur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**



Brucella abortus groei hoofsaaklik in die baarmoeder van vroulike diere oor 'n verlengde tydperk, en veroorsaak gewoonlik middel tot laattermyn aborsies (4 – 7 maande van dragtigheid) van kallers wat andersins heeltemal gesond sou wees.


Besmette koeie en verse is lewenslank besmet en 'n permanente bron van besmetting vir ander beeste, sowel as mense tot op hede is geen behandeling vir diere beskikbaar nie.  In die beesbedryf is die voorkoms van BM 'n groot rede tot kommer weens die finansiële implikasies van dié gevreesde siekte. Die eliminasie van besmette diere, kalwerverlieste en melkverlieste kan 'n groot impak hê op die ekonomiese volhoubaarheid van 'n boerdery, en en sodoende moet boere virseker dat hulle alles in hul vermoëns doen om 'n BM negatiewe kudde te handhaaf.

Een van die grootste bekommernisse van BM is dat dit 'n soönotiese siekte is wat mense affekteer. BM is hoogs aansteeklik en enige kontak met 'n besmette dier – of kontak met die geaborteerde fetus of plasenta van 'n besmette dier – hou 'n risiko van besmetting in. Infeksie kan deur middle van direkte kontak, inaseming van besmettende organismes of partikels wat in die oë beland, geskied.

Die hoof gevaar van meslike besmetting met BM is dat simptome (gewrigpyn, kopseer, depressie, slegte eetlus en gewigsverlies) baiemaal eers maande na infeksie verskyn, wanneer behandeling byna te laat is. Menslike behandeling vir BM onderdruk die bakterieë, maar vir mense met kroniese brusellose sindroom sal infeksies herhalend opduik. Dit is ook baie duur en geskied oor 'n verlengde tydperk.

'n "Geslote" kudde – een waar geen diere van buite aangekoop en ingebring word nie en jy slegs met jou eie diere teel – word gesien as 'n goeie manier om die moontlikheid van BM besmetting in jou kudde te bekamp. Dit is egter baie onprakties en nie altyd haalbaar nie; bulle breek grensdrade om by koeie uit te kom, nuwe teeldiere word benodig om genetiese vordering te maak, vlieë dra BM vanaf een plaas 'n ander. As gevolg hiervan glo baie mense dat daar inderwaarheid nie iets soos 'n "geslote" kudde bestaan nie, nietemin is daar baie waarde in die beheer van watter diere toegelaat word op jou plaas en watter nie.



**Daar is drie kritiese maatreëls om BM uitbrake te beheer: inenting, toetsing en rekordhouding.**

Entstowwe verlaag die risiko van brusellose-geïnduseerde aborsies en daarom ook die kontaminasie wat in die omgewing kan plaasvind wanneer 'n koei aborteer. Huidiglik is daar twee entstowwe beskikbaar teen brusellose; die OBP S19 entstof en die RB-51 entstof. Volgens wet moet alle verskallers tussen 4 en 8 maande met S19 of RB-51 geënt word, waarna 'n voorgestelde inentingsprotokol met RB-51 tussen 12 en 16 maande en daarna elke 2 na 3 jaar voorgestel word.

Jaarlike entings van die hele oei-kudde word voorgestel in die geval waar nuwe diere gereeld aangekoop en ingebring word. Opvolg entings met S19 word sterk afgeraai as gevolg van die moontlikheid van vals posetiewe toetse. RB-51, aan die ander kant, veroorsaak nie vals positiewe resultate nie omdat die LPS syketting deur biotegnologie verander is. Die entstof kan dus 'n tweede keer herhaal word, maar nie binne 3 maande vanaf die eerste dekking nie en ook glad nie


tydens dragtigheid nie. Dit lewende entstof kan potensieel inmeng met konsepie.
'n Belangrike deel van BM voorkoming en beheer in jou kudde is toetsing. Teen die tyd wat jy BM vermoed in jou kudde is dit einklik al reeds te laat. Daarom moet toetsings van jou hele vroulike kudde op 'n gereeld basis (jaarliks) plaasvind en toetsings van nuut ingekoopte diere is ononderhandelbaar.

BM toetse kan of deur die staat of deur privaat veeartse hanteer word, maar resultate word gewoonlik vinniger gekry wanneer privaat dienste gebruik word. Om BM toetse te doen word bloed getrek en na die naaste geakkrediteerde labretorium gestuur, waarna hulle drie toetse uitvoer. Die eerste toets wat gedoen word is 'n Rose Bengal Test (RBT), 'n kwalitatiewe toets wat slegs 'n posetiewe of negatiewe resultaat gee. In die geval van 'n negatiewe toets word geen verdere toetse vereis nie, en kan jy met redelike gemoedsrus aanneem dat jou kudde skoon is.

'n Posetiewe toets sal vereis dat 'n volgende toets – genaamd die Compliment Fixation Test – gedoen word. Dit is 'n kwantitatiewe toets wat infeksie tellings weergee. Lae tellings (tussen 20 en 100) is 'n goeie aanduiding dat 'n entingsreaksie plaasgevind het en die resultaat 'n vals posetiewe was. Dit gebeur wanneer diere te laat geënt word.

Tellings van 200 en op dui 'n posetiewe BM geval aan, waarna die laaste toets, 'n Serum Agglutemation Test, 'n finale antwoord gee vir dit wat aangaan op jou plaas. Dit is moontlik om vals negatiewe resultate ook te kry, dit gebeur egter gewoonlik slegs by verse.

Teen die tyd wat verse vir die eerste maal getoets word is die bakterieë telling in die bloed nog nie van so aard dat dit deur die toets opgetel word nie, as gevolg van die langgroeiendheid van die bakterieë. Daarom is dit krities om bloedtoetse nie te aanskou met individuele diere ingedagte nie, maar die kudde in geheel te laat toets. Juis hierdie rede maak dit uiters belangrik om aan te dring op die BM status van die hele kudde wanneer verse by veilings aangekoop word, en nie net die individuele dier se BM status nie.




Die rol van latente draers moet ook in ag geneem word; dit is diere wat seologies negatief toets, tog is hulle wel draers. Hierdie diere is die nageslag van draerbeeste wat ontwikkel het in die baarmoeder waar Brucella abortus in so 'n mate teenwoordig was dat hul immuunstelsels dit nie as "vreemd" identifiseer en diagnostiese teenliggaampies daarteen vervaardig nie.

Draerbeeste is beeste wat oningeënt is, posetief getoets het en 'n nageslg voortgebring het. Rekordhouding en naspeurbaarheid van jou kudde is dus krities om die draerbeeste te identifiseer deur middle van goeie rekordhouding, en hulle en hul nageslag te elimineer.

Tot op hede is geen effektiewe behandeling vir diere met 'n posetiewe BM status beskikbaar nie. Ongeënte diere wat posetief toets vir BM moet volgens wet geslag word, omdat besmette koeie en verse lewenslank besmet en 'n permanente bron van besmetting vir ander beeste en mense is.

Omdat brusellose 'n intrasellulêre patogeen is, is behandeling met antibiotika nie effektief nie. Die rede hiervoor is dat die minimum hoeveelheid van die antibiotikum wat nodig is om die bakterieë te dood nie die binnekant van die selle kan bereik nie en langdurige behandeling daarmee nodig sal wees. Langdurige behandeling met antibiotika, soos wat dit vir mense vereis word, is ook nie moontlik nie omdat dit groot skade aan die rumen mikrobes van 'n bees sal veroorsaak.

Dié mikrobes is noodsaaklik om die sellulose in die bees se dieet na vetsure te degradeer, wat dan in die lewer omgeskakel word na 'n baie belangrike energiebron. Antibiotika sal dus die funksionaliteit van die rumen in gedrang bring, waarsonder die dier nie kan leef nie. Bykomend tot hierdie sal antibiotia residue in die vleis of melk van 'n dier wat langtermyn behandel word 'n groot risiko wees vir voedselveiligheid en daarom nie geskik vir meslike gebruik nie.





Die implementering van goeie bestuurspraktyke – soos om die voorgestelde inentingsprogramme to volg, staatsriglyne vir Vervoer te volg en om goeie rekordhouding toe te pas – is die enigste manier om 'n kudde teen BM te beskerm. Dit is wel elke boer en teler se verantwoordelikheid om seker te maak dat die praktyke deel word van sy bestuursprogram en toegepas word om sodoende sy kudde die beste moontlike kans te gee om BM vry te bly.

# FONTEINE BORANS

**Fonteine Borans has been breeding with superior bont genetics since 2003.**

We have a proud history of offering outstanding Borans, including beautiful bont genetics, on auctions since 2009.



## Fonteine Borans 16th Production Sale - 3 June 2023
Groenfontein, Derby.

Contact: Francois Smit 083 273 8332 • Follow us on Facebook at Fonteine Borans

**"Success is the sum of small efforts repeated day-in and day-out"**

# Die Belang van Voeding in die Veeberdryf




**Skrywer: Elna de Lange**
**(BSc Agric Veekunde; Dierevoedingkundige)**

**Redakteur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**

Voordat ons die vraag kan beantwoord oor hoekom voeding uiters belangrik is in die veeberdyf, moet ons die deurslaggewende belang van vee in die groter Suid-Afrikaanse landboubedryf vasstel. Diere vorm 'n groot deel van baie mense se lewensbestaan, en voorsien hulle van óf 'n bron van inkomste, óf direk van voedsel en ander hulpbronne wat nodig is vir oorlewing. In hierdie semi-droë land en ander soortgelykes is die produksie van gewasse alleen grootliks onvoldoende om te verseker dat die konstant-groeiende menslike bevolking gevoed kan word. Dit is as gevolg van die lae gemiddelde jaarlikse reënval, die geneigtheid tot lang tydperke van droogte en die grotendeelse swak vrugbare grond wat in hierdie streek voorkom. Om hierdie redes speel diere 'n belangrike rol in die vervaardiging van 'n hoogs voedsame bron van noodsaaklike voedingstowwe aan 'n toenemende aantal mense, wat voedselsekerheid vir die komende jare kan verseker.

As bevolkingsgroeistatistieke oor die afgelope 21 jaar – van 2000 tot 2021 – in ag geneem word, het die menslike bevolking in Suid-Afrika van 46,8 miljoen tot 59,4 miljoen gegroei – 'n toename van byna 27%.

Volgens die Wêreldbank se voorspelling sal Suid-Afrika 'n bevolking van ongeveer 73,5 miljoen teen 2050 hê. Dit kom neer op 'n bevolkingstoename van 57% oor 'n tydperk van 50 jaar. Dit beteken 57% meer mense moet eet, 'n bestaan maak en 'n inkomste verdien as as die van 2000.





## Die Wêreldbank-databasis

As ons die Suid-Afrikaanse dierebevolking van 2000 vergelyk met dié van 2021 (insluitend al die belangrike veespesies soos beeste, bokke, skape, varke en hoenders) is dit verstommend om te sien dat daar 'n aansienlike afname in dieregetalle is - met die uitsondering van hoenders – ongeag die vinnige groei wat in die menslike bevolking gesien word. Ten spyte hiervan het die produkuitset vir alle spesies oor die afgelope 20 jaar toegeneem.


Tussen 2000 en 2021 het beesgetalle met 10% afgeneem, maar daar was 'n toename van 81% in die uitset van beesvleisproduksie oor dieselfde tydperk. Hoenders 'n wel toename van 35% in populasie grootte getoon, maar die vleisproduksie het met 'n merkwaardige 134% toegeneem sedert 2000. Net so het lam- en skaapvleis, varkvleis en selfs bokvleis, alhoewel in 'n mindere mate, almal in uitset toegeneem, ondanks die afname in dieregetalle.

## South Africa: Animal population comparison for the years 2000 and 2021




FAOSTAT

## South Africa: Animal meat production (1 000 tons) comparison for the years 2000 and 2021




FAOSTAT

Die grafiek hierbo ondersteun duidelik die stelling wat deur dr Theo De Jager, hoofspreker by die Voedsel- en Landbou afdeling van die 2022 Verenigde Nasies se Klimaatveranderingskonferensie gemaak is: "Die sleuteluitdaging op pad om 2 miljard of meer mense in ons leeftyd volhoubaar te voed is om meer te kna produseer op minder, en met minder". 'n Belangrike element in die bereiking van hierdie doelwit is om diereproduksie te optimaliseer. Diereproduksie word deur menigte faktore soos genetika, omgewing, gesondheidstatus, bestuurspraktyke en voeding beïnvloed, met voer wat ongeveer 70% van die totale produksiekoste bydra.



Dit bring ons terug by die vraag; wat is die belangrikheid van voeding in suksesvolle en volhoubare veebedryf? In hierdie aspek is diere baie soortgelyk aan mense; hul prestasie en uitsette is grootliks afhanklik van die intrinsieke en ekstrinsieke faktore van hul lewens. Dit beïnvloed op sy beurt die voedingsbehoeftes van bogenoemde diere tot 'n groot mate, en diegene wat maksimum produksie wil bereik, moet fokus op spesifieke diëte om aan spesifieke behoeftes te voldoen.

Die persoon wat tans vir 'n marathon oefen sal 'n heel ander dieet hê as dié van 'n verwagtende ma, of iemand wat van 'n siekte herstel of besig is om 'n babatjie te voed. Eweneens benodig diere in verskeie stadiums van produksie geoptimaliseerde en gespesialiseerde diëte om te verseker dat hulle al die boustene het om beide kwaliteit en kwantiteit uitsetprodukte te produseer.

Die samestelling en kwaliteit van veevoere kan die beskikbaarheid en kwaliteit van hierdie voedingstowwe beïnvloed. Daar is verskeie noodsaaklike voedingstowwe wat diere benodig om groei en ontwikkeling te optimaliseer.

Om hierdie verskille in voedingsbehoeftes na te vors en te verstaan, is van kritieke belang om te verseker dat diere die regte balans van voedingstowwe ontvang om hul groei, ontwikkeling en algemene gesondheid te ondersteun. Die samestelling en kwaliteit van veevoere kan die beskikbaarheid en kwaliteit van hierdie voedingstowwe beïnvloed. Daar is verskeie noodsaaklike voedingstowwe wat diere benodig om groei en ontwikkeling te optimaliseer.

Die aminosure afkomstig van die proteïen-bronne binne 'n dieet is noodsaaklik vir die bou en herstel van weefsels. Koolhidrate verskaf die hoofbron van geredelik-beskikbare energie wat nodig is vir die instandhouding van verskeie liggaamsprosesse, terwyl vette 'n bron van energie noodsaaklike vetsure is, wat nodig is vir die produksie van cholesterol en cholesterolhormone. Minerale is belangrik vir die handhawing van verskeie metaboliese funksies soos beenontwikkeling, spierfunksie en senuwee-oordrag, en uiteindelik speel

vitamiene ‘n deurslaggewende rol in metabolisme en die ondersteuning van verskeie liggaamsfunksies, soos visie, immuunfunksie en bloedstolling.

Water is nog ‘n noodsaaklike deel van dierevoeding wat dikwels oor die hoof gesien word. Water speel ‘n beduidende belangrike rol in byna alle fisiologiese funksies, soos die vervoer van voedingstowwe en suurstof na selle, die regulering van liggaamstemperatuur en die uitskakeling van afvalprodukte. Om jou diere nie van genoeg skoon en vars drinkwater te voorsien nie kan lei tot dehidrasie, wat weer kan lei tot ‘n reeks gesondheidsprobleme, ‘n verminderde voerinname, verswakte groei en verminderde melkproduksie - dit is ‘n kritieke deel van die handhawing van hul algehele gesondheid en welsyn.

Dit is dus duidelik dat dierevoeding ‘n kritiese rol in die landbou speel, met ‘n beduidende bydrae tot voedselsekerheid. Om die voedingsbehoeftes van diere te verstaan, is noodsaaklik om hul groei, ontwikkeling en algemene gesondheid te ondersteun. Die verbetering van dierevoeding is gevolglik ‘n sleutelkomponent in die maksimering van diereproduksie en die volhoubare voeding van die steeds groeiende menslike bevolking.







# JONES MASJIENE




## BOERDERY

Top verskaffer van voertoerusting in die land en nommer een in die Noordwes provinsie.



## MAALWERK

Kwaliteit en diens is die hoeksteen van ons besigheid, so jy sal meer as net 'n kliënt wees, jy sal deel wees van die familie! As 'n spesialis in die veld bied ons gemoedsrus met vars idees.







## VOER-TOERUSTING

Ons is 20 jaar gelede deur Willie Jones begin, maar ons wortels gaan al meer as 50 jaar terug in die vervaardiging van voertoerusting.

Tel: (014) 543-4889 | Sel: 083 627 6026 / 082 971 6529
E-pos: willie@jones.co.za
Koster Noord Wes - www.jonesmasjiene.co.za

# Dis vuur, dis vlam, dis trots

# Dis Droughtmaster Suid Afrika



**Artikel deur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**

Die geskiedenis van die trotse Droughtmaster is menigmale al vertel; ons almal ken die storie van hoe 'n Suid-Afrikaanse boer se besoek aan Australië byna revolutionêr was vir die beesvleis genetika van Suider-Afrika. "As daar na die toekomsvisie van die rooivleisbedryf regoor die wêreld gekyk word, raak dit duidelik dat hierdie bedryf slegs winsgewend sal kan voortbestaan indien produsente by die veranderende uitdagings en omstandighede aanpas" – Dit is wat Johan van der Nest ingedagte gehad het toe hy hierdie genetika ingevoer het na Suid-Afrika. Minder bekend aan ons is egter die ontstaan van die genootskap wat dit moontlik gemaak het om hierdie ras te bevorder, te bewaar en te verbeter – die ontstaan van Droughtmaster Suid Afrika.

In die vroeë 1990s het Johan van der Nest vir die eerste maal sy oë op dié besonderse 'n beesras in Queensland Australië gesit, waarna daar in die vroeë semen ingevoer en in 'n opgraderingsprogram gebruik is. Daarna, in 1999, is 'n paar bulle en verse ingevoer is na Suid-Afrika vir verdere teling.

Na 15 jaar se teling is die droom om 'n Droughtmaster vir die Suider-Afrikaanse natuurlike klimaatstoestande te skep verwesenlik, en die eerste Considerata Droughtmasterstoet veiling is gehou in 2008 - die eerste van baie oorwinnings vir die Droughtmaster ras. Kort daarna, in 2012, het optimistiese telers vanuit Parys koppe bymekaar gesit en die Droughtmaster klub van Suid Afrika gestig – kompleet met 'n voorsitter, ondervoorsitter, bestuurder en ras adviseur.

Hierna was die klublede vuur en vlam om die ras - wat diep spore in die harte van hul telers getrap het - te laat registreer by die Registrateur van Veeverbetering, en sodoende vir eens en altyd die Droughtmaster sy regmatige plek as 'n erkende ras in Suid Afrka te gee. Min het hierdie groepie geweet van die struikelblokke en teenkanting wat hulle sou beleef oor die volgende dekade....

Die eerste poging om die Droughtmaster geregistreerd te kry is met 'n stormwind van voor getref, met 'n onsuksesvolle uiteinde. Ten spyte van die terugslag het die klub hom nie laat onderkry nie, en die eerste algemene jaarvergadering is gehou in 2013 – die lede steeds vol moed en entoesiasme om die ras wat Suide Afrika se vleisproduksie onbetwyfeld gaan verander, erkend en geregistreerd te kry.



Na 'n tweede onsuksesvolle poging om die ras te registreer is daar besluit om die Droughtmaster naam as 'n handelsmerk in SA te laat registreer en die Droughtmaster ras in Suid-Afrika offisieel te stig – 'n dapper besluit wat ontmoet is met teenstand en regsstappe vanaf die owerhede. Die taktiek het egter net olie op die reeds hoog brandende vure gegooi. Na 'n veiling in Vryburg, waar belangstellende kopers van reg oor die land en selfs die buiteland gekom het in die hoop om dié pragdiere op te raap, het klubbestuur besluit om hul stryd landuit te neem.

In Julie 2014 is onderhandelinge met die Namibiese Stoettelers Vereniging (NSV) aangegaan om die Droughtmaster in ons buurland geregistreerd te kry. Die president, Hoof Uitvoerende Beampte en menige telers by die NSV het onomwetend die waarde van die beesras raakgesien, en sonder skroom die "Africa Droughtmaster Cattle Breeder Society of Nambia" gestig.

Die eerste algemene jaarvergadering van die Droughtmaster beesterersgenootskap is 'n skamele 2 maande later gehou, met meer as 50 belangstellendes en lede wat bygewoon het. Die stigting van die genootskap

het die wêreld van teling en seleksie vir Droughtmaster telers regoor Suid-Afrika oopgemaak. Uiteindelik het hulle ook 'n registarasie owerheid gehad waar hulle hul diere kon aanmeld en prestasie data laat verwerk, laasgenoemde deur middel van Breedplan. Dit het aan telers die nodige inligting gegee om 'n teelbeleid en seleksie maatstawwe toe te pas, met die belofte van 'n baie belowende toekoms vir die ras as 'n geheel.

Ten spyte van hul skynbare suksesse sou die stryd vir Suid-Afrikaanse Droughtmaster teling en entoesiaste nog vir baie jare voortduur, ongeag die oorwinnings wat hul op daardie stadium behaal het. Goed ingelig oor die weerstand wat hulle ongetwyfeld sou kry is die stryd moedig aangepak om die Droughtmaster ook hier in ons eie land sy verdiende erkenning te gee. Dit was eers in die doodsnikke van 2022 dat die Droughtmaster telers uiteindelik die einde van die jare-lange stryd bereik het, en die Droughtmaster-ras erkenning in Suid-Afrika gekry het. 23 Desember, 2022 is die dag wat vir ewig en altyd 'n glimlag sal sit op die gesigte van die talle Suid-Afrikaanse Droughtmaster telers wat die stryd geveg het om erkenning. Dít is die dag wat Droughtmaster Suid-Afrika amptelik gebore is.

So wat lê voor vir die genootskap na die reuse oorwinnings van die vorige jare? Ons kry die antwoord by die persoon waar alles begin het, die einste Johan van der Nest:

"Droughtmaster Suid-Afrika het 'n duidelike visie vir die toekoms en spits homself toe op 'n langtermynplan om verwagte uitdagings aan te pak. Die telers se fokus is om genetiese teëlmateriaal te voorsien aan die kommersiële beesbedryf wat voldoen aan alle ekonomies-belangrike eienskappe vir volhoubare vleis produksie. Hierdie toewyding en harde werk is 'n bewys van die passie wat ons as beesboere het vir ons bedryf, asook vir die bevordering van Suid-Afrikaanse landbou."

Considerata SA

"Pure cattle common sense"

6th CONSIDERATA SA DROUGHTMASTER

# PRODUCTION SALE/PRODUKSIEVEILING

Thursday 13 April 2023 - 11h00 - Parys - Afridome



Lot 2 - **17 136 CSA** – 08 469 C (05 29 DO) x 02 2086 DO (Wingfield Rocket). Heifer calf 22 222. In calf. 3 in 1.

## Aanbod:

**30** SP Koeie + kalwers (3 in 1)

**2** SP Kuddevaars

- Embrio's van ons beste 09 32 C dogters
- Semen van SA en Australiaanse bulle

AFRICA DROUGHTMASTER

Under the Auspices of the Droughtmaster society of SA
**www. droughtmasterafrica.co.za**

# Deur Afrika vir Afrika
# Die Boran

Die Boran is 'n beesras wat in Suid-Afrika as 'n kommersiële ras baie populêr geword het. Daar is verskeie redes waarom die Boran 'n waardevolle bate vir Suid-Afrikaanse boere geword het.

**Artikel deur: Tinus Havinga (Direkteur van FarmSpace)**




**Foto krediet: Glimpse of Lisa Photography**

Een van die belangrikste redes vir die Boran se populariteit is sy gehardheid. Die Boran is goed aangepas aan die harde omstandighede van die Afrika-savanna, waar temperature uiterste hoogtes kan bereik en die gras dikwels skaars is. Dit maak die Boran 'n ideale ras vir boere in gebiede met beperkte hulpbronne. Hulle kan oorleef op swak kwaliteit weiding en hoë temperature verdra, wat die koste van voer en veeartsenykundige sorg verminder.

'n Ander rede vir die Boran se populariteit is sy vermoe om hoë kwaliteit beesvleis te produseer van lae kwaliteit weiding. Die Boran het 'n "leaner" karkas as ander rasse, wat hoogs gesog word deur gesondheidsbewuste verbruikers. Die vleis is ook goed gemarmer, wat smaak en tederheid byvoeg. Boran-boere kan 'n hoër prys vir hul Boran-beesvleis kry, wat hul onderste lyn aansienlik kan bevoordeel.

Bo en behalwe sy gehardheid en vleiskwaliteit, is die Boran ook bekend vir sy temprament en maklike kalwing. Dit maak dit 'n gewilde ras vir boere wat arbeidskoste en stres op die diere wil verminder.

Die Boran is ook 'n goeie ras vir kruisteeling. Dit is omdat die Boran geneties verwyder is van die meeste rasse en kruisteel basterkrag verhoog. Om die Boran met ander rasse te kruis kan 'n geharde, hoë kwaliteit dier produseer wat goed aangepas is aan die Afrika-omgewing. Dit kan boere se wins verder verhoog deur waarde by te voeg tot hul kuddes.

Verder het die Boran-ras 'n goeie weerstand teen bosluis-siektes, 'n groot probleem in beesboerdery in Afrika. Dit maak hulle 'n goeie keuse vir boere in gebiede waar bosluis-siektes algemeen voorkom.



**Foto krediet: Glimpse of Lisa Photography**

Ter afsluiting het die Boran-ras baie te bied aan Suid-Afrikaanse boere. Sy vermoë om bosluis-siektes te verdra en goeie kruisteel-potensiaal maak dit ook 'n goeie keuse vir boere.

Sy gehardheid, vleiskwaliteit, matige temprament en maklike kalwing maak dit 'n waardevolle bate vir boere wat hul onderste lyn wil verbeter.

BORAN

Die Boran is 'n ras wat die harde omstandighede van die Afrika-savanna kan verduur en hoë kwaliteit beesvleis kan produseer, wat dit 'n ideale kommersiële ras maak vir boere in Suid-Afrika. Alhowel die aanvraag die na Boran vroulike diere tans baie hoog is, en prys aansienlike hoër as ander beesrasse bly die kommersiële boran getalle vinnig groei.



Foto krediet: Glimpse of Lisa Photography

**Bloem Skou • Show**

**Landbou**

140 1883-2023

Voorkeurkeuse vir stoetkampioenskappe!

# Nasionale Kampioenskappe

**9 nasionale kampioenskappe en 11 ander kampioenskappe met 6000+ vee oor 10 dae.**



ARABIER PERD



BOERBOK, KALAHARI RED & SAVANNA



SAALPERD



ILE-DE-FRANCE



MERINO LANDSKAAP



SKAAPSKEER



HEREFORD



BRAUNVIEH



CHAROLAIS

www.bloemskou.co.za

**27 April - 6 Mei 2023**

# Die Nasionale SA Vleis Merino skou

## 54 jaar van sukses!

SAMM
SUPER LAMMERS / LAMBS

**Artikel deur: Suné Bartman**
**(MSc Agric Produksiefisiologie en Produkkwaliteit)**

Maart 2023 merk die 54ste Nasionale Skou wat vir die Suid-Afrikaanse Vleis Merino (SAVM) aangebied is sedert die eerste een in 1979. Die skou word jaarliks rondom dié tyd by die Bloemfontein se Skouterreine aangebied omdat Maart die mees geleë tyd vir SAVM telers is.  April is piek-lamtyd vir telers met 'n somer teelseisoen, asook paartyd vir telers met 'n winter teelseisoen, wie se piek-lamtyd rondom September is.

Al die SAVM Nasionale Veilings word in Augustus gehou en ramme wat ingeskryf word moet gedurende februarie of Maart geskeer word. Sodoende is wollengtes vergelykbaar by die veilings, en leemtes en sterkpunte kan duidelik na vore kom en blootgestel wanneer pasgeskeerde diere - letterlik onder die skêr uit - beoordeel word tydens die Maart skou.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Sedert 2017 word daar slegs met ramme geskou, en ook net ramme van tot en met twee jaar oud.  Uit hierdie selektiewe groep ramme word net die heel beste ramme ingeskryf vir die vier Nasionale veilings wat dan gedurende Augustus aanbied word.

**Die vier veilings se Datums vir 2023 is as volg:**

**02 Augustus te Bloemfontein**

**08 Augustus te Frankfort**

**16 Augustus te Wolmaransstad**

**29 Augustus te Standerton**

Die Nasionale skou is 'n wondelike geleentheid vir telers om hul diere te vergelyk met dit wat in die huidige mark beskikbaar is, en gee ook aan telers die ideale geleentheid om potensiele aankoop-ramme te identifiseer en evalueer wat by later vanjaar se ramveilings beskikbaar gestel gaan word. Só 'n kampioenskap is 'n prettige onderlinge kompetisie tussen telers waar hulle hul ramme met ander van soortgelyke ouderdom en gewigte kan opmeet.

Beoordeling van bouvorm en wol is slegs visueel, en voorspelde teelwaardes vir alle ramme wat op die veiling aangebied word sal teen veilingstyd in uitgedrukte katalogusse beskikbaar wees, wat kopers help om ingeligte seleksiebesluite te maak. Die skou-tot-veilingsperiode bied aan telers en adviseurs die genoegsame tyd om ramme behoorlik te evalueer, opsies te oorweeg en daarvolgens gebalanseerde besluite te neem.

"Na my mening is so visuele skou lekker gesonde boeresports en 'n goeie geleentheid om bietjie saam te kuier en te sosialiseer.  Telers en hulle gesinne leer mekaar baie beter ken en raak goeie vriende.  Later voel almal deel van die groter Vleismerino familie, en werk almal inderwaarheid as 'n span saam om die ras voortdurend te bevorder en verbeter."

– Jan Vosloo, Rasdirekteur van die SAVM.

# Kampioene

**Die kampioene wat by die vanjaar se Nasionale SA Vleismerino Skou gekroon is, aangebied by die Bloemfontein skougronde op 14 - 15 Maart 2023.**




Wolkampioen Ramlam onder 7-maande

2115 LT is vertoon deur Alta & Manie Lombard (083 232 4324) van Oranjeville saam met Thabang Khanye. Links is Ilana Vorster (BKB borg) en regs is Hannes Kotze (beoordelaar).




Wolkampioen Ramlam onder 12-maande

2015 GU is vertoon deur Jan & Thomas Uys (082 375 9217) van Steynsrus saam met Simon Mofokeng. Links is Grietha van Rensburg (beoordelaar) en regs is Ilana Vorster (BKB borg).




Junior Kampioen Wolram

1159 PR vertoon deur Nadia & Willie Geldenhuys (079 516 4999) van Ventersdorp saam met Daniel Medupe. Links is Ilana Vorster (BKB borg) en naasregs is Jaco Saaiman (beoordelaar).




Senior Kampioen Wolram

1164 GU vertoon deur Jan & Thomas Uys (082 375 9217) van Steynsrus saam met Simon Mofokeng. Links is Mike van den Berg (BKB borg) en regs is Jan Joubert en Cor Uys (beoordelaars).




## Kampioen Superlam

2133 LT is vertoon deur Alta & Manie Lombard (083 232 4324) van Oranjeville saam met Michael Makhubu. Links is Paul van den Berg (FNB borg).




## Kampioen Ligte Ramlam en Reserwe

2117 N + 2059 N is beide vertoon deur Willie Geldenhuys (079 516 4999) van Ventersdorp saam met Faantjie Mangade en Jan Mantsho. In die middel is Danie Retief (Standard Bank borg)
en Jaco Saaiman (beoordelaar).




## Kampioen Swaar Ramlam

2100 NWB is vertoon deur Riaan Myburgh namens Nuwerus Boerdery van Piketberg (083 232 5130) saam met Isak Frans. Links is Derick Minnie en
Dr. Joubert Nolte (Meadow feeds borg).




## Junior Kampioen Ram

1287 GZ is vertoon deur Faan en Van Aardt Greyling (076 111 9575) van Dordrecht. Links is Paul van Biljon (Vleissentraal borg).




## Senior Kampioen Ram

1041 PR is vertoon deur Nadia & Willie Geldenhuys (079 516 4999) van Ventersdorp saam met Faantjie Mangade. Regs is John Melville (OVK borg).

Manie van Niekerk van Kroonstad het die "BKB meeste punte" verwerf op die skou en Willie Geldenhuys was aangewys as die "BKB teler van kampioene" vir 2023.

# VEILINGS

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 | April<br>11:00 am | Parys | Considerata Production Sale | Lees meer |
| 20 | April | Krugersdorp | Sterkfontein Boran<br>3rd Annual Auction | Lees meer |
| 29 | April<br>07:30 am | Bloemshow<br>show grounds | BKB SA Championships and<br>Elite SA Ile de France Auction | Lees meer |
| 11 | Mei<br>11:00 am | Vlakvlei,<br>Viljoenskroon | QualiTrio Bonsmaras<br>Produksieveiling | Lees meer |



# F U N K S I E S

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14 | -15 April | Farm Klein Otjikango ost | Kalkfeld Agri Mega Day | Lees meer |
| 19 | April | Excelsior Proefperseël | Someroesdag 2023 | Lees meer |
| 27 | April -6 Mei | Bloemfontein show grounds | Bloemshow | Lees meer |
| 29 | April 07:30 am | Bloemshow show grounds | BKB SA Championships and Elite SA Ile de France Auction | Lees meer |
| 16 | 19 Mei 12pm | Bothaville | Grain SA's NAMPO Harvest Day | Lees meer |




FS
FARMSPACE